NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE DAGBESTUUR VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 9 FEBRUARIE 2006

1. OPENING

1.1 Die vergadering sing Lied 184:1,4

1.2 Die voorsitter, ds Hansie Schutte, lees uit Filippense 2:5-11.

1.3 Hy roep die lewe van Jesus in herinnering wat Homself ontledig het om mens te word en te sterf. Hy is gemotiveer deur diens en selfverloëning. Ons word opgeroep om dieselfde gesindheid te openbaar. Johannes die Doper het gebid: "Hy moet meer word en ek minder". Daarna gaan hy voor in gebed.

1.4 Die voorsitter verwelkom ds Louis Louw wat as sekunduslid teenwoordig is, asook ds Johan van Rooyen, waarnemende Netwerkbestuurder vir die Seisoen vir Luister.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJdeG Schutte – Voorsitter
Ds ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton – Skriba
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk - Verskoning
Ds MF Steyn
Ds CH van Heerden – DL Finansies - Verskonings
Ds PL Louw (sekundus)

2.2 Adviserend

Dr J Viljoen – Direkteur Administrasie

2.3 Netwerkbestuurders op uitnodiging

Barmhartigheid - Dr A Oliphant
BNet - Ds BIC Steyn
Familie - Ds E Malan
Getuienis - Ds JH van Niekerk
Jeug - Ds WP Petzer - Verskoning
Liturgie – Ds RC Swanepoel - Verskoning
Navorsing - Prof PJ Naudé - Verskoning
Predikante - Dr JD Prinsloo
Seisoen van Luister – ds J van Rooyen
Vroue - Mev L Steyn

2.4 Reiskostevorms

Die DA hanteer die reiskostevorms.

3. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

3.1 Die volgende nuwe sake en bylae word op die sakelys aangebring:

- Bylaag R by pt 5.1.1
- Bylaag M by pt 5.2.1
- Bylaag Q pt 3.1 by pt 5.2.8
- Pt 6.1 Sinodale Werkswinkel - Bylae P en N
- Pt 6.2 Verslag BNet - Bylaag S
- Pt 9.1 Verslag VSA toer - Bylaag L
- Pt 10.1 Verslag GSM - Bylaag O
- Pt 10.2 Kingfisher opleiding
- Pt 14.1 Verslag Ad Hoc Moderatuur - Bylaag Q
- Pt 20.1 Verslag Seisoen van Luister
- Pt 20.2 Funksionering SK

4. GOEDKEURING VAN NOTULES

4.1 SK-Dagbestuur 2005-10-27 Bylaag A

4.1.1 Besluit: Goedgekeur

4.2 SK 2005-11-24 Bylaag B

4.2.1 Besluit: Goedgekeur

5. SAKE UIT DIE NOTULES

5.1 SK Dagbest 2005-10-27 Bylaag A

5.1.1 Badisa en Oos-Kaapse Barmhartigheidsdienste (pt 5.2.1) Bylaag R

5.1.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag R (Samesprekings Netwerkbestuurder vir Barmhartigheid, DA en CMR – dd 2006-02-06).

5.1.1.2 Besluit:
***1 Pte (a) – (c) – Kennis geneem;**
***2 Pte 1., 2., 3. 4 word goedgekeur en deur die Netwerkbestuurder vir Barmhartigheid aan die CMR gekommunikeer.**

5.2 SK 2005-11-24 Bylaag B

5.2.1 Kompilasieverslag: Gesprek met kerkrade re kerkhereniging (pt 6.1.1)

5.2.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag M (Verslag oor Gesprekke op Gemeentelike Vlak oor Kerkhereniging – dd 6 Februarie 2006).

5.2.1.2 Besluite:
***1 Die verslag word in sy geheel goedgekeur met die versoek dat 'n tabel aan die einde bygevoeg word wat die persentasie-verdelings van voorkeure aandui.**
***2 Die verslag word deur die skriba aan gemeentes gekommunikeer en aan die Algemene**

Sinode deurgestuur.

5.2.2 Terugvoer: Ad Hoc Kommissie: Sentrale Salarisstelsel (pt 6.2.1)

5.2.2.1 Die DA het 'n navorsingshandleiding saamgestel en aan die lede van die ad hoc kommissie besorg.

5.2.2.2 Met dank kennis geneem. Die saak staan oor.

5.2.3 Lux Verbi en Lisensie vir die Liedboek (pt 5.2.2)

5.2.3.1 Die skriba doen verslag dat 'n skrywe oor die berekening van die lisensiegelde aan alle gemeentes gestuur is. Die basis van berekening is erediensbywoning. Die gegewe is deur 'n gemeente bevraagteken op grond van inligting wat hulle ingewin het, met die aanname dat lidmaattal die basis van berekening is.

5.2.3.2 Die vergadering volstaan met die skrywe wat reeds hieroor deur die skriba aan gemeentes gestuur is.

5.2.4 Ondersoek deur Netwerk vir Navorsing: Hulp aan kleiner plattelandse gemeentes (pt 6.2.4)

5.2.4.1 Die DA rapporteer dat finansiële hulp aan kleiner gemeentes reeds gelewer word.

5.2.4.2 NN word versoek om 'n vorderingsverslag by die volgende vergadering voor te lê.

5.2.5 Uitkoop van tyd en teologiese beplanningsessie (pt 6.3.1) Bylaag C

5.2.5.1 Die vergadering bespreek Bylaag C (Notule Ad Hoc Kommissie vir Teologiese Beplanning – dd 2006-01-19).

5.2.5.2 Besluite:
***1 Pte 1. – 4.5 : Kennis geneem**
***2 Pt 5.1 Teologiese beplanningsdag : Goedgekeur**
***3 Pt 5.2-5.2.4 Gedesentraliseerde byeenkomste in ringsgebiede: Goedgekeur**
***4 Pt 6.1 Uitkoop van tyd : Kennis geneem – sien ook pt 14.1.2.3**
***5 Pt 6.2 - Afgehandel by pt 5.2.1**
***6 Pt 6.3 - Afgehandel by pt 5.2.5.2.3**
***7 Pt 6.4 Skrywe Ring van Humansdorp: Permanente uitbreiding BNet en NN - staan oor tot by pt 14.1.2.4**
***8 Pt 7 - Kennis geneem.**

5.2.6 Bosberaad 2006 (pt 6.3.4) Bylaag C

Die saak is afgehandel by pt 5.2.5.2.3. Die bosberaad word vervang deur gedesentraliseerde leraarsbyeenkomste in ringsgebiede.

5.2.6.1 Beplanning – Leraarsbyeenkomste in die plek van die Bosberaad Bylaag J

*1 Die vergadering bespreek Bylaag J (Logistiek Predikante-Byeenkomste - ongedateerd).

***2 Besluite:**
***2.1 Pt 1 Aantal leraars - Kennis geneem**
***2.2 Pt 2-2.3 Koste - Goedgekeur**
***2.3 Pt 3 - Begroting - R30,000 goedgekeur, befonds uit die begroting vir die Bosberaad (R20,000) en die balans uit reserwefondse.**

***3 Datums:**
***3.1 18 April - Port Elizabeth**
***3.2 19 April - Uitenhage**
***3.3 20 April - Cradock**
***3.4 21 April - Queenstown**

5.2.7 Bestuur sinodale fondse en Reglement 8.8 (pt 6.3.9) Bylaag D

5.2.7.1 Die vergadering bespreek Bylaag D (Verslag van die Aktuarius re sinodebesluite en Reglement 8.8 van die bepalinge – ongedateerd).

5.2.7.2 Besluit: Kennis geneem by wyse van 'n mededeling deur die DA dat die boekhouding van die sinode rekenskap kan gee dat geoormerkte fondse wel aangewend is vir die doel waarvoor dit gegee is. Die sinodebesluite is op hierdie wyse dus nie in stryd met Reglement 8.8 nie.

5.2.8 Kommentaar op Buitengewone Sinode (pt 6.3.10.4.2) Bylaag Q pt 3.1

5.2.8.1 Die vergadering bespreek Bylaag Q pt 3.1 (Kommentaar op die buitengewone sinode pt 6.3.10.4.2 – dd 2006-02-09).

5.2.8.2 Besluite:
***1 Pt 3.1.1 Broer Lucien Theron : Goedgekeur**
***2 Pt 3.1.2 Ring van Queenstown : Goedgekeur**

5.2.9 Teologiese begronding van verskillende vergaderstyle (pt 6.3.10.4.2.4)

5.2.9.1 Die saak staan oor.

5.2.9.2 Die skriba se bydrae oor vergaderings in die jongste Kruisgewys word intussen na gemeentes versend.

5.2.10 Klagtes PW du Randt (pt 6.3.12) Bylae E.1, E.2

5.2.10.1 Die vergadering bespreek Bylaag E.1 (Klagtes PW du Randt – dd 2005-11-16).

5.2.10.2 Die vergadering bespreek Bylaag E.2 (Hersiening WSH du Randt - dd 2006-01-02).

5.2.10.3 Besluit: Kennis word van beide Bylae E.1 en E.2 geneem in die lig van 'n appélsaak by die hooggeregshof re die lidmaatskap van broer WSH du Randt.

5.2.11 Finansiële ondersteuning aan gemeentes re afgevaardigdes na sinodes (pt 7.2.2.4)

5.2.11.1 Die saak staan oor.

5.2.12 Skrywe Ring van Humansdorp: Permanente uitbreiding van BNet en NN (pt 8.1) Bylaag C

5.2.12.1 Die saak staan oor tot by pt 14.1.2.4

5.2.13 Kerkspieël 2006 Bylaag K

5.2.13.1 Die vergadering bespreek Bylaag K (Kerkspieël 2006 - Inligting en Streeksverteenwoordigers - ongedateerd).

5.2.13.2 Besluite:
***1 Dr Jan Viljoen en me Nellie Westraadt dien as die sinode se verteenwoordigers op die Kerkspieël-Projekspan.**
***2 Sinodale koste (sowat R50 per gemeente) word uit reserwes befonds.**

6. BEGELEIDINGSNETWERK

6.1 Sinodale Werkswinkel Bylae P en N

6.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag P (Weer gedink oor die wet – ongedateerd).

6.1.2 Besluite
6.1.2.1 Kennis geneem van Bylaag P.
6.1.2.2 Die datums van die Sinodale Werkwinkel word gewysig na Dinsdag 7 Maart vanaf 10.30 tot Donderdag, 9 Maart om 14.00.

6.1.3 Die vergadering bespreek Bylaag N (Voorlopige Begroting Sinodale Werkswinkel. – ongedateerd) en **besluit op R280 per persoon inskrywingsgeld. Dit sluit 'n pro rata reiskostesubsidie in.**

6.2 Verslag BNet Bylaag S

6.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag S (Sinodale Kollektes – dd 2006-02-09).

6.2.2 Besluite:
6.2.2.1 Pt 1. – 1.1.6 - Huidige Sinodale Kollektes - kennis geneem;
6.2.2.2 Pt 1.2 Nuwe Sinodale Kollektes: Die volgende lys word by die eersvolgende sinodale vergadering as sinodale kollektes aanbeveel:
***1 Barmhartigheid**
***2 Jeug**
***3 Vroue en Familie**
***4 Predikante-versorging**
***5 Behoeftige gemeentes**
***6 Getuienis**
6.2.2.3 Siekesorg : 'n Sinodale Kollekte word nie vir Siekesorg / Hospitaalbediening aanbeveel nie. Die Netwerkbestuurder Barmhartigheid word versoek om aan hierdie behoefte aandag te gee deur met plattelandse ringe te skakel.
6.2.2.4 Die sinode word versoek om aan die Sinodale Kommissie volmag te verleen om jaarliks die lys sinodale kollektes na behoefte aan te pas. Motivering: Die SK roep netwerke na behoefte in die lewe, en benodig die aanpasbaarheid om sinodale kollektes daaraan te verbind. 'n Situasie soos dié wat rondom finansiële hulp aan die kerk in Zimbabwe ontstaan het, maak dit ook wenslik dat die SK in die reses die sinodale kollektes mag aanpas.
6.2.2.5 Ander oorwegings - Kennis geneem.

7. BARMHARTIGHEID

Geen sake.

8. EKUMENE

Geen sake.

9. FAMILIE

9.1 Verslag VSA Toer Bylaag L

9.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag L (Verslag van ds E Malan aan die SK aangaande Jeug- en Gesinsbedieningstudietoer na die VSA, November 2005 – dd 2006-01-30)

9.1.2 Besluit: Kennis geneem.

10. GETUIENIS

10.1 Verslag GSM Bylaag O

10.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag O (Verslag van die Gesamentlike Kommissie vir Sending in Mosambiek – dd 2006-01-11).

10.1.2 Besluit: Kennis geneem van die verslag in sy geheel.

10.2 Kingfisher Opleiding

10.2.1 Ds Johan van Niekerk bied opleiding vir predikante aan om oor drie jaar as mobiliseerders vir hul eie gemeente te kan optree en later vir buurgemeentes. Hy benodig tans fondse. Die Ring van Graaff-Reinet het vir projekgelde aansoek gedoen vir die opleiding van hul predikante, maar dit is eers vanaf 1 Maart 2006 beskikbaar. Ds Van Niekerk versoek dat ongebruikte fondse in die Netwerk vir Getuienis begroting (huidige finansiële jaar) aangewend word vir die opleiding.

10.2.1.1 Besluit: Die versoek word goedgekeur.

11. JEUG

Geen sake

12. KOMMUNIKASIE

Geen sake

13. LITURGIE

Geen sake

14. MODERATUUR

14.1 Verslag Ad Hoc Moderatuur Bylaag Q

14.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag Q (Notule Ad Hoc Moderatuur – dd 2006-02-09).

14.1.2 Besluite:
14.1.2.1 Pte 1.-2.1 Kennis geneem;
14.1.2.2 Pt 3.1 Kommentaar op die buitengewone sinode - afgehandel by pt 5.2.8
14.1.2.3 Pte 3.2-3.2.5 - Uitkoop van Tyd (Personeelverbintenis): Goedgekeur
14.1.2.4 Pt 3.3 Permanente uitbreiding BNet en NN - Goedgekeur
14.1.2.5 Pt 4.-4.1.1 - Kennis geneem

15. NAVORSING

Geen sake

16. PREDIKANTE-BEGELEIDING

Geen sake.

17. VROUELIDMATE

17.1 Die volgende byeenkomste vir Oos-Kaapse vroue word vanjaar gehou:

17.1.1 Byeenkoms vir eggenotes van predikante te Eersterivier, 5-6 Mei 2006.

17.1.2 ‘n Byeenkoms vir Vrouelidmate op 12 Augustus 2006.

17.1.3 Me Tish Steyn verteenwoordig die sinode tydens ‘n inter-sinodale skakelgeleentheid van 9-11 Mei 2006 te Pretoria.

18. FINANSIES EN ADMINISTRASIE

Geen sake.

19. KORRESPONDENSIE

19.1 Skrywe Taakspan Fondse Algemene Sinode Bylae F.1 en F.2

19.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag F.1 (Skrywe ds HJ van der Schyff - Bydraes van Oos-Kaapland – dd 2005-12-13) en neem kennis daarvan.

19.1.2 Die vergadering bespreek Bylaag F.2 (Reaksie van ds DW Mouton – Bydraes van Oos-Kaapland – dd 2005-12-15) en neem daarvan kennis.

19.1.3 Besluite:
19.1.3.1 Die DA en DL Finansies ontvang opdrag om met die Algemene Sinode te onderhandel rondom die Oos-Kaapse bydrae vir 2006-7 aan die Algemene Sinode. Die oorskot van die predikante konferensie kan gebruik word om die Oos-Kaapse bydrae aan te vul.
19.1.3.2 Die DA en DL Finansies ondersoek wyses waarop gemeentes se verantwoordelikheid om 0.3% van hul inkomste aan die algemene kerkverband oor te betaal, gestruktureer kan word. Die ondersoek geskied met die oog op die voorlegging van ‘n voorstel aan die sinodale vergadering van 2007.

19.2 Versoek Biblia Bylaag G

19.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag G (Ooreenkoms tussen Biblia Hawesending en NGK Patmos - dd 2005-11-05).

19.2.2 Besluit om van die skrywe kennis te neem.

19.3 Skrywe NGK Jeffreysbaai: Openbare Skakelmaatskappy Bylaag H

19.3.1 Die vergadering bespreek Bylaag H (Voorstel van NGK Jeffreysbaai re professionele skakelmaatskappy - ongedateerd).

19.3.2 Besluit: Kennis geneem.

19.4 Versoekskrif WSH du Randt Bylaag I

19.4.1 Die vergadering neem kennis van Bylaag I (WSH du Randt: Hersiening Sinode-stuiting - dd 2006--01-05).

19.4.2 Besluit: Kennis geneem.

20. ANDER SAKE

20.1 Verslag: Seisoen van Luister

20.1.1 Ds Johan van Rooyen doen verslag oor die beplanning van die Seisoen van Luister. ‘n Powerpoint aanbieding word ook gedoen en die luister-siklus verduidelik.

20.1.2 Daar is reeds enkele gemeentes geïdentifiseer waarin die materiaal getoets kan word. Fondse is nodig vir toerustingsgeleenthede en materiaal vir gemeentes sal sowat R1,000 beloop.

20.1.3 Die DA stel ondersoek in watter mate die surplus van die 2005-6 finansiële jaar vir hierdie onkoste aangewend kan word.

20.2 Funksionering SK

20.2.1 Besluit: Die sakelys vir SK-vergaderings sal in die toekoms geleentheid skep dat die vergadering werklik as forum vir ringe kan funksioneer. Die sakelys sal spesifieke ruimte

skep vir mededelings van ringe, verslae wat ringe moontlik sou wou voorlê, insette, om te vertel wat tans in ringe gebeur, e.s.m.

21. VOLGENDE VERGADERING

21.1 Die SK-Dagbestuur vergader op 18 Mei 2006.

22. AFSLUITING

Ds Barnard Steyn sluit die vergadering met gebed af.